DAAGLIKSE GEBEDSPUNTE – Januarie 2010

Vrydag 1 Januarie 2010

Gebed vir die regering: Bid vir President Jacob Zuma en die adjunkpresident, mnr. Kgalema Motlanthe, tesame met hulle kabinet, dat hulle die onderskeidingsvermoë sal hê om verstandige besluite te neem wanneer hulle advies van parlementslede en ander leiers kry.

Gebedsfokus op kinders: **Die spoorwegkinders van Noord-Indië**

Serving in Mission (SIM) werk met kinders van die agterbuurte van Noord-Indië wat die spoorlyne en stasies hulle woonplek gemaak het. Bid vir hulle werk om intellektuele en geestelike opvoeding, berading, mediese hulp, voedselprogramme, beroepsopleiding en dissipelskap te verskaf aan hierdie kinders wat nie skool kan bywoon nie.

Saterdag 2 Januarie 2010

Gebed vir die regering: Bid vir die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, Tina Joemat-Petterson, en die adjunkminister, dr. Pieter Mulder. Bid dat hierdie departement die insig sal hê om die land se natuurlike hulpbronne met wysheid te bestuur.

Die Woord onder oog: Die Bybel is deur mense vír mense geskryf, onder die inspirasie van die Heilige Gees. Dit maak God die Vader se wil en doel vir Sy totale skepping bekend, en ook vir die herstel daarvan deur Sy Seun Jesus Christus op Golgota. Dit is deur die geskrewe Woord van God dat miljoene mense deur die eeue hulle redding in Jesus Christus gevind het.

Bid die Woord: Vader, ons bid dat U geskrewe Woord tot sy oorspronklike bedoeling in die Kerk herstel sal word.

Proklameer die Woord: Die Woord van God is die hart van God wat geopenbaar is tot redding en herstel van die mensdom, tot hulle versoening met God die Vader deur die kragtige werking van die Heilige Gees en in die Naam van Jesus Christus.

Sondag 3 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die Minister van Kuns en Kultuur, Lulu Xingwana, en die adjunkminister, Paul Mashatile. Bid dat die departement insig en invloed sal hê om wyse besluite te neem waarby hierdie bedryf baat sal vind en God se guns sal geniet.

Die Woord onder oog: Die vrees van die Here (die ware godsdiens en godvresendheid wat deur die Woord voorgeskryf word, wat in die hart gegrondves is en uitgeleef word) is suiwer en sal ons reinig (**Joh.15:3**). Dit hou ons lewe skoon (**Ps.119:9**). Dit bestaan vir ewig; dit is 'n ewigdurende verbintenis en kan nooit gekanselleer word nie. Elke keer wanneer die Israeliete die verhaal van hulle uittog uit Egipte vertel het, het hulle opnuut verstaan waarom die Here gevrees moet word. Omdat ons God vrees, veroorsaak dit ook dat ons Hom respekteer, dat ons ons lewenskeuses met groter versigtigheid maak en ook noukeuriger let op dit wat ons sê en doen. Sy Gees maak ons intens bewus van die feit dat die Here alles sien wat ons doen (**Heb.4:13**). Ons leer God beter ken wanneer ons Sy Woord bestudeer.

Bid die Woord: Vader, ons bid dat 'die vrees van die Here' sal terugkeer na die hart van die Kerk. Help ons as die Kerk om te besef dat U ons vriend, Vader en Helper is, maar beslis nié ons gelyke wat oneerbiedig behandel kan word nie, vir wie opdragte gegee kan word of wat gemanipuleer kan word om alles te gee wat gevra word, tensy dit in ooreenstemming met U soewereine wil is. Wek ons harte op om U Woord te bestudeer en te leer hoe om U te vrees.

Proklameer die Woord: *Mag die vrees van die Here julle bybly! Wees versigtig en doen julle plig. By die Here ons God is daar nie onreg en bevoordeling en korrupsie nie* (**2 Kron.19:7**). *Om die Here te dien, dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig* (**Job 28:28**). *Dit is suiwer en duur tot in ewigheid* (**Ps.19:9**); *kennis begin met die dien van die Here* (**Spr.1:7**), dit is *die Gelowige se kosbare besitting* (**Jes.33:6**); *dit is 'n bron van lewe en dit laat*

jou die strikke van die dood ontkom (**Spr**.**14:27**). *Wie die Here dien, het daarin 'n veilige toevlug en ook Sy kinders vind daar skuiling* (**Spr.14:26**).

Maandag 4 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Vrouesake, die Jeug, Kinders en Gestremdes, Noluthando Mayende-Sibiya. Bid dat hierdie departement 'n betekenisvolle rol sal speel in die verbetering van die omstandighede van mense met spesiale behoeftes.

Gebedsfokus op redding: Hindoes in SA

Suid-Afrika is negende op die lys van die tien lande met die hoogste Hindoe-bevolking in die wêreld, met 'n geskatte 1 078 667 mense (*Top Ten of Everything* 2008, bl. 69). Die meeste Hindoes in die land woon in die Indiese gemeenskap in KwaZulu-Natal. Bid asseblief dat die Kerk God se opdrag sal gehoorsaam en ook na die Hindoe-gemeenskap in ons land Suid-Afrika sal uitreik. Bid dat die Kerk wysheid sal hê oor hoe om teenoor Hindoes van die liefde van Christus te getuig.

Dinsdag 5 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Basiese Onderwys, Angie Motshekga, en die adjunkminister, Enver Surty. Bid dat hulle ontvanklik sal wees vir die Here se opdragte oor hoe om positiewe verandering in die land se onderwysstelsel aan te bring.

Die Woord onder oog: Waarom is dit vir Christengelowiges belangrik om die Woord van die Here te ken? Paulus gee twee redes in **2 Timoteus 3:15:** Sodat ons Christus en Sy verlossing kan leer ken en om ons te help om geestelik te groei sodat ons toegerus kan wees vir alles wat God wil hê ons moet doen. Groei impliseer onderrig (leerstellings), vermaning, teregwysing en toerusting (**2 Tim.3:16**). Onderrig beteken ons leer ken die regte pad, vermaning waarsku ons wanneer ons die pad byster raak, teregwysing sê ons hoe om weer op die regte pad te kom en toerusting in geregtigheid leer ons hoe om op die regte pad te bly.
Bid die Woord: Vader, ons roep tot U vir 'n nuwe honger en dors in die harte van ons as Kerk om te lees, te studeer, te bid en die beginsels van die geskrewe Woord in die praktyk uit te leef. Bewerk nederigheid in elke hart om onderrig en vermaan te word, tereggewys te word en toegerus te word om U weë sonder kompromie te volg.
Proklameer die Woord: Die Woord van God is die openbaring van Jesus Christus dat Hy ons staande hou deur onderrig, vermaning, teregwysing en toerusting.

Gebedsfokus op gesondheid: Veiliger bevallings

Die getal vroue wat in Soedan tydens kraam sterf, staan op 1 107 sterftes uit 100 000 bevallings, maar die getal sterftes is baie hoër in die Suide, met tot 2 243 per 100 000 bevallings. Volgens *United Nations Children's Fund (UNICEF)* het Suid-Soedan motorfiets-ambulanse in die afgeleë gebiede van die Oos-Ekwatoria ingestel in 'n loodsprojek wat daarop gerig is om kraamsterftes te beperk deur beter toegang tot gesondheidsfasiliteite vir swanger vroue daar te stel. (Webruimte: http://www.irinnews.org/Report.aspx?ReportId=83727). Dank die Here vir sulke eenvoudige oplossings. Bid dat die pogings suksesvol sal wees sodat moeders veilige bevallings kan hê en ook geleenthede sal kry om die evangelie te hoor.

Woensdag 6 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Kommunikasie, Siphiwe Nyanda, en die adjunkminister, Dina Pule. Bid dat hulle hulle aan Bybelse beginsels sal onderwerp wanneer daar oor kontrakte onderhandel word om kommunikasiestelsels in Suid-Afrika te verbeter.

Gebedsfokus op wetenskap: Deurbraak met dodelike afwyking by pasgeborenes
Na twaalf jaar se navorsing het wetenskaplikes die eerste bekende gene-mutasie opgespoor wat tot 'n dodelike afwyking by pasgeborenes lei. Ouers sal 'n voorgeboortelike diagnose binne ongeveer 12 weke kry. Baie kan verkeerd loop in die kortrib-polidaktielsindroom. Die fetus ontwikkel ekstra vingers en tone en die skelet self groei nie, wat 'n onontwikkelde ribbekas tot gevolg het. Dit verhinder ook dat die longetjies ontwikkel. Omdat die babas nie kan asemhaal nie, sterf hulle kort na geboorte. (Webruimte: http://www.sciencedaily.com/releases/2009/04/090401134413.htm). Dank die Here vir hierdie mediese deurbraak. Bid vir verdere deurbrake by hierdie navorsing en dat die navorsers die eer daarvoor aan die Here sal gee. Bid ook dat egpare in so 'n situasie wysheid sal hê wat om te doen wat eties-korrek is.

ARTIKEL: Word 'n biddende gemeente

Dit was baie na aan Jesus se hart en Sy opdrag dat die Kerk 'n huis van gebed moet wees (**Matt.21:13**). Hy haal **Jesaja 56:7** aan en bevestig daarmee dat God se plan met sy "Kerk" (Ou Testament) ook Sy plan met die Kerk in die Nuwe Testament is. Dit bly steeds een van die grootste uitdagings vir gemeentes om huise van gebed te wees. Die volgende is 'n aantal riglyne wat gemeentes kan gebruik om meer momentum aan gebed in die gemeente te gee:

- 'n Biddende gemeente begin by individue wat bid. Die belangrikste fokus van geestelike leiers in die gemeente bly steeds om individue te help om met groter vrymoedigheid en meer geloof te bid. Individue het leiding nodig oor hoe om in 'n dieper en meer intieme en persoonlike verhouding met God te kom.
- Deurlopende eenvoudige en praktiese lering oor gebed is nodig. Baie preke en boeke oor gebed het wonderlike geestelike inhoud, maar ontbreek dikwels aan praktiese riglyne oor hoe om jou daaglikse stiltetyd in te rig. Leer die Gelowiges hoe om 'n gebedsjoernaal te gebruik. Gee vir hulle 'n eenvoudige indeling van waarvoor om te bid, hoe om na God te luister en veral hoe om die Woord te bid.
- Die vestiging van gebedsgroepe in die gemeente is uiters belangrik. Versterk die bestaande gebedsgroepe en moedig die vestiging van nuwe gebedsgroepe aan. Moedig sakemanne aan om een of meer gebedsgroepe te begin, en help ook jongmense, kinders, vrouens, en spesifieke belangegroepe om met hulle eie groepe te begin. Die verskillende bedieninge van die gemeente moet aangemoedig word om 'n gebedsaksie of gebedsgroep vir hulle bediening te vestig, met die verstandhouding dat hulleself in daardie groepe bid en nie verwag dat ander die "gebedswerk" moet doen en hulle net die ander werk nie.
- Die begrip "intersessor" kan groot probleme in 'n gemeente skep. In baie gemeentes ontstaan daar 'n ongesonde situasie waar 'n paar mense in die gemeente as die "bidders" of "intersessors" begin bekend staan. Intersessie is 'n tipe gebed; dit is nie 'n tipe persoon nie. Wanneer ons die gebedsbediening van 'n gemeente tot 'n paar spesifieke lidmate begin beperk, skakel ons 98% van die bidders van die gemeente uit. Die 98% sal mettertyd voel hulle gebede is nie goed genoeg nie, hulle is nie die "spesialiste" nie, God sal hulle nie so maklik hoor nie en dan begin 'n groep mense sê: "Ons sal die werk doen en julle (die intersessors) kan daarvoor bid." Dit is onskriftuurlik en die vinnigste manier om 'n totale gemeente te immobiliseer. So word die sogenaamde "nie-intersessors" uitgesluit van die voorreg en verantwoordelikheid om betrokke te wees by die gebedsbediening van die gemeente, asook om te bid vir hulle gesinne, die gemeenskap, die dorp/stad en die wêreld. Die Woord sê: elke lid van die liggaam moet bid en intree– elke kind, jongmens en volwassene, ongeag van beroep of posisie.
- Wanneer jy die vlak van gebed in die gemeente wil lig, moet jy as geestelike leier betrokke wees. Leiers kan nie die gemeente aanmoedig om te bid, maar self nie betrokke wees nie. Die apostels sê baie duidelik in **Handelinge 6:4** dat hulle (as die geestelike leiers) hulleself toelê op gebed en die bediening van die Woord. Jy kan nie van ander verwag om te bid en die gemeentes se gebedsverantwoordelikheid te dra, as jy as leier nie self daarby betrokke is nie.
- Leraars kan mense aanmoedig om te bid deur o.a. van die volgende dinge te doen:
    - Preek gereeld oor gebed of maak gebed 'n belangrike deel van die boodskap.

- Vertel verhale van gebedsverhoring op 'n gereelde basis, vanaf die preekstoel of by ander gemeentebyeenkomste.
- Bied seminare oor gebed aan of nooi iemand uit om 'n gebedseminaar aan te bied – 'n Vrydagaand en Saterdagoggend kan byvoorbeeld goed werk,
- Moedig lidmate aan om boeke oor gebed te lees – gee bv. die titels van een of twee boeke op 'n keer.
- Kies van tyd tot tyd 'n boek oor gebed wat lidmate in Bybelstudiegroepe of selgroepe kan deurwerk.

Donderdag 7 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die Minister van Koöperatiewe Regering en Tradisionele Aangeleenthede, Sicelo Shiceka, en die adjunkminister, Yunus Carrim. Bid dat hulle hulle met verstandige raadgewing sal laat bedien sodat hulle werk doeltreffend sal wees en tot eer van die Here, en dat baie mense daardeur tot Christus sal kom.

Die Woord onder oog: Waarom vind die meeste Christene dit moeilik om die Bybel te bestudeer? Die antwoord is dat hulle meestal nie weet hoe om die Bybel op 'n eenvoudige manier te verstaan nie. Verder is hulle ook ongemotiveerd omdat dit lyk of Bybelstudie ingewikkeld is en baie moeite verg. Sommige mense is waarskynlik net eenvoudig lui omdat dit harde werk is om die Bybel te bestudeer. Ongelukkig bestaan daar nie kortpaaie nie. Net soos enigiets anders wat die moeite werd is, vra dit inspanning, konsentrasie en deursettingsvermoë. Die dieper geheime van God se woorde lê nie op die oppervlakte nie, maar moet met ywer nagespeur word en onder leiding van die Heilige Gees.
Bid die Woord: Vader, ons roep tot U vir 'n hernude ywer in die Kerk, dat Gelowiges self die Bybel sal ondersoek en sal raadpleeg vir werklike lewenskwessies, totdat daar deurbrake in hulle eie lewens kom. Open asseblief ons oë vir die verborge rykdomme van U Woord en hart.
Proklameer die Woord: *Die Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelinge van gedagtes en van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor Sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee* (**Heb.4:12**).

Vrydag 8 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Korrektiewe Dienste, Nosiviwe Mapisa-Nqakula, en die adjunkminister, Hlengiwe Mkhize. Bid dat hulle die aangesig van die Here sal opsoek om te weet hoe om kwessies in hulle departement aan te pak en ook vir wysheid om Bybelse beginsels prakties toe te pas. Bid dat die groeiende 24-7-beweging in ons tronke 'n kragtige getuienis sal word en dat daar in alle tronke 'n herlewing sal kom.

Gebedsfokus op kinders: *LIG-Kinderbediening*

LIG-Kinderbediening is 'n nie-winsgewende interkerklike organisasie met kinderbediening as die hoofdoel. *LIG*-werkers poog om kinders uit die donker terug te bring na God se lig. Bid vir hulle werk, veral in die omgewing van Pretoria-Wes en Danville, waar die bedieningspan sewe-weeklikse *Bybelklubs* hou en ongeveer 140 kinders bereik. (Kontak Louise Rossouw by 082 863 6977 of e-pos: lig.kinders@gmail.com).

Saterdag 9 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Verdediging en Militêre Veterane, Lindiwe Sisulu, en die adjunkminister, Thabang Makwetla. Bid dat hulle, net soos die konings van Israel, die Here sal aanroep vir aanwysings oor hoe hierdie departement bestuur moet word.

Die Woord onder oog: Watter gereedskap het ek nodig? Alhoewel hulpmiddels 'n groot verskil kan maak in ons Bybelstudie, is God, deur Sy Heilige Gees ons Raadgewer, leier en bron van openbaring in ons verstaan van die Bybel. Omring jouself ook met volwasse Gelowiges wat self daarvan hou om die Bybel te bestudeer. Dit is 'n goeie

plan om in 'n Studiebybel, ander Bybelvertalings, 'n Bybelkonkordansie en 'n Bybelwoordeboek te belê. Moenie wag vir iemand om jou te leer nie; probeer liewer om ander nader te trek en begin doelbewus om die Bybel te bestudeer.
Bid die Woord: Vader, ons bid dat U ons as U Kerk sal opwek om doelbewus ons lewens so te organiseer dat ons gereeld vir Bybelstudie bymekaar kan kom en kan leer hoe om prakties te leef soos U dit van ons verwag.
Proklameer die Woord: Die Woord van God is die saad vir die ewige lewe in die hart van die mens (**Luk.8:11**). Dit is naby jou (neem daarom besit daarvan), dit is in jou mond (verkondig dit) en in jou hart (laat dit toe om te gedy) (**Rom.10:8**).

Sondag 10 Januarie 2010
Bid vir die regering: Bid vir die minister van Ekonomiese Ontwikkeling, Ebrahim Patel, en die adjunkminister, Gwen Mahlangu-Nkabinde. Bid dat hulle insig in die ekonomiese aangeleenthede van Suid-Afrika sal hê en in die manier waarop plaaslike besluite in die globale opset behoort in te skakel, tot die voordeel van onsself en ander nasies.

Die Woord onder oog: Jesus Christus is die lewende Woord. *Selfs voordat tyd bestaan het, was Hy daar. Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers en gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Voor alles was Hy daar en deur Hom bly alles in stand. Hy is die Hoof van die liggaam van die Kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die Heelal inneem. God het besluit om met Sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van Sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen* (**Kol.1:15-20**).
Bid die Woord: Vader, ons verheerlik U Naam dat U ons deel gemaak het van wie U is deur U Seun Jesus Christus. Openbaar weereens aan die Kerk die oppergesag van Jesus Christus as die Lewende Woord, die persoon wat vlees geword het, wat gekruisig is, opgewek is uit die dood en opgevaar het na die hemel. Draai die oë van U Kerk weg van haarself en terug na U Seun, haar ewige bruidegom.
Proklameer die Woord: *In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak* (**Joh.1:1-2, 18**).

Maandag 11 Januarie 2010
Bid vir die regering: Bid vir die minister van Energie, Dipuo Peters, die minister van Finansies, Pravin Gordhan, en die adjunkminister, Nhlanhla Nene. Bid dat hulle wyse raadgewing van die Here sal soek oor hoe hulle ons land se fisiese en ekonomiese hulpbronne moet bestuur.

Gebedsfokus op redding: Prokureurs
Baie prokureursfirmas dank personeel af en ander sluit hulle deure. Bid asseblief vir prokureurs dat hulle in hierdie tyd hulle hoop op die Here sal stel en Hom as hulle persoonlike Here en Meester sal ontmoet. Bid dat baie prokureurs die Here sal aanroep ter wille van hulleself, hulle personeel en besigheid om sodoende die Here te verheerlik.

Gebedsfokus op huwelike: Getroude pare verminder
Teen 2031 sal getroude pare in London slegs 41% van die bevolking ouer as 16 jaar uitmaak, wanneer hulle getalle oorskry sal word deur die geskeides, enkellopendes en saamwoonpare. Die Kantoor van Nasionale Statistiek voorspel dat enkellopendes die groep sal wees wat die vinnigste groei. 'n Derde van dié tussen 30 en 44 jaar oud sal in 2031 nie lewensmaats hê of ooit getroud gewees het nie, in vergelyking met 22% vandag. Onder die 45- tot 66-jariges sal 19% enkellopend wees vergeleke met 9% vandag. Jongmense verbind hulle deesdae nie

meer in langtermyn verhoudings nie. Bid dat God sukkelende huwelike sal herstel en dat jongmense gesonde en stabiele verhoudings met vriende en ook met huweliksmaats sal ontwikkel. Hy kán, Hy wíl. (Webruimte: http://women.timesonline.co.uk/tol/life_and_style/women/relationships/article6011575.ece).

Dinsdag 12 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Gesondheid, dr. Aaron Motsoaledi, en die adjunkminister, dr. Molefi Sefularo. Bid dat hulle oop sal wees vir God se hulp om gesondheidsprobleme in die land op te los. Bid ook vir die Here se guns om bonatuurlike genesings in hospitale te bewerkstellig tot die verheerliking van Sy Naam.

Die Woord onder oog: Twyfel oor die oorsprong en waarheid van die Woord, veral onder Christene, is aan die toeneem. Die fokus is veral op die lewe en getuienis van Jesus Christus as die Seun van God wat aan die kruis gesterf het, uit die dood opgestaan het en opgevaar het na die hemel.

Bid die Woord: Vader, ons bid dat die waarheid van U Woord vir alle Christene wat onseker raak of die Bybel die waarheid is of nie, duidelik sal word en hulle sal oortuig en vir hulle vrede gee. Raak hulle harte aan en gee hulle vertroosting met 'n duidelike openbaring uit U Woord oor Wie U is.

Proklameer die Woord: *Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk* (**2 Tim.3:16-17**).

Woensdag 13 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Hoër Onderwys en Opleiding, dr. Blade Nzimande, die minister van Binnelandse Sake, dr. Nkosazana Dlamini-Zuma, en die adjunkminister, Malusi Gigaba. Roep die Here aan om Sy hart aan mense in hierdie departemente te openbaar sodat hulle slegs sal begeer om Sy wil te doen deur Bybelse wette en beginsels te implementeer.

Fokus op gebedsmobilisering: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Bid asseblief vandag vir die verskillende projekte van *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* oor die hele land. Bid dat meer individue en groepe by die gebedstaakmag sal aansluit en ook sal inteken op die gedrukte boekie en die weeklikse *Global Prayer Alert* om op hoogte te bly met nuus en gebeure oor gebedsaksies. Bid vir gebedskoördineerders oor die hele land, vir vars toewyding en hernude ywer om ander aan te moedig om by gebed in hulle dorpe en stede betrokke te raak. Bid ook vir intekengeleenthede in ander lande, veral deur middel van die Internet. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwood Ridge, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Donderdag 14 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Behuising, Tokyo Sexwale, en die adjunkminister, Zou Kota. Bid dat hulle wysheid sal verkry om te weet hoe om die probleme van die land op hierdie terrein te hanteer.

Die Woord onder oog: God se Woord openbaar Sy karakter deur verhale, getuienisse, geskiedenis, gedigte en bonatuurlike ontmoetings wat mense met Hom gehad het. Daar is geen ander manier om die stem van die Here te hoor, om nader aan Hom te kom en om Hom liewer te hê as deur Bybelstudie en gebed nie. Hulle wat die aangesig van die Here soek, het die Woord lief en ontdek die karakter van die Here deur ywerige bestudering van die Bybel en deur gebed.

Bid die Woord: Vader, ons bid dat 'n diepe liefde en 'n begeerte na die essensie van U Woord sal terugkeer na die Kerk. Wek ons as U Kerk op om op die gesag van U Woord te vertrou en in die daaglikse lewe nederig voor U te buig en so lewende getuies te word van Christus vir dié wat nie gered is nie.

Proklameer die Woord: Die Woord van die Here is perfek (**Ps.18:31**), ewig (**Ps.119:89-91**), lewend (**Heb.4:12**), magtig (**Jes.55:11**), regverdig (**Ps.119:7**), waar, betroubaar (**Rom.9:6**), onuitputlik (**Ps.119:96**), en vol wonders (**Ps.119:18**). Die Woord van die Here onderhou die skepping (**Ps.147:15-18**), gee geestelike lewe (**2 Tim.3:15-17**), maak heilig (**1 Pet.2:2**), maak gesond (**Luk.7:7**) en verskaf lewe en insig (**Ps.19:8-10**).

Vroue wat bid: Is jou kind die slagoffer van 'n boelie?

Baie kinders word by die skool geboelie. Dit bring baie pyn vir ouers en kinders mee. Hierdie artikel is nie 'n indiepte bespreking van die onderwerp nie, maar gee wel riglyne oor hoe u as ouer daaroor kan bid.

- Eerstens is dit belangrik om aan jou kind se selfbeeld te werk. Dikwels is 'n kind wat geboelie word, iemand met 'n swak en/of verwronge beeld oor hom/haarself. Die kind moet geleer word dat hy/sy ook 'n plek in die samelewing het, waardevol is, eie talente en gawes het wat net so besonders is soos ander s'n.
- Bid dat die kind sy posisie in Jesus sal verstaan en sal verstaan dat hy/sy so belangrik is dat Jesus bereid was om vir hom/haar te sterf en na wedergeboorte in hom/haar woon. Die kind moet verstaan dat God hom/haar liefhet, en dat God 'n persoonlike pad met hom/haar wil stap – ook t.o.v. die 'boelie'. Indien die kind nie 'n verhouding met Jesus het nie, maak vir die kind die weg van verlossing duidelik en hoe om 'n kind van God te word.
- Ouers moet sulke kinders leer om self te bid. Die kind moet self voor God gaan staan en vir Hom wysheid, leiding en beskerming vir sy/haar situasie vra. Dit is uiters belangrik.
- Leer die kind om as Christen die persoon wat hom/haar boelie, te seën. Dit is uiters belangrik, want God sê ons moet ons vyande liefhê.
- Bid dat jou kind nie verkeerd sal reageer nie: nie met woede, bitterheid en haat nie. Bid ook dat God sy/haar hart sal vrymaak van vrees vir die boelie. Dit is vrees wat die kind moedeloos maak en hom/haar magteloos laat voel. God het ons nie 'n gees van vrees gegee nie, maar sy Gees van krag, liefde en selfbeheersing (**2 Tim.1:7**). Bid vir fisiese beskerming. In die minderheid van gevalle is fisiese beskerming belangrik, maar dit is die vrees vir fisiese seerkry wat baie kinders verlam.
- Die ouers kan en moet die kind geestelik voorberei. Dit help nie om die kind se stryd vir hom/haar minder te maak deur aanhoudend na die skool te gaan en by die onderwysers te "kla" nie. Op die ou end moet die kind self die situasie oorkom, anders sal dieselfde probleem homself oor en oor in sy/haar lewe herhaal. Die hele lewe is vol boelies en hoe gouer die kind leer om dit te hanteer en te verwerk en sy/haar eie manier kan vind om nie net te oorleef nie, maar in vryheid binne elke situasie te leef, hoe gouer sal die kind ook toegerus wees om die res van sy/haar lewe aan te pak.
- Indien dit nodig is om met die skool-owerhede te gaan praat, bid vir wysheid oor hoe en wanneer om dit te doen.
- Probeer om nie jou kind uit die skool weg te neem nie. Dit los nie die werklike probleem op nie.
- Vra vir God of daar nie dalk 'n dieper oorsaak binne jou gesin lê nie: In 'n groot aantal gevalle waar 'n kind geboelie word, is daar 'n probleem in die gesin se funksionering. Daar kan o.a. 'n dominerende pa of ma wees, 'n kind kan om een of ander manier verwerping binne die gesin beleef of aan die ander kant oorbeskerm word. Bid dat die Heilige Gees insig sal gee oor hoe om die probleem reg te stel.

Leer ook jou kind om vir die boelie te bid!

- Waak daarteen om negatief te bid, die boelie by God aan te kla en vir God al die "sondes" van die boelie uit te wys.
- Die boelie self het normaalweg ook 'n selfbeeldprobleem en baie pyn in sy/haar lewe. Bid vir hierdie kind om ook te verstaan wie hy/sy is en wat God se skeppingsdoel met hom/haar is.
- Boelies kom dikwels uit huise of situasies waar daar 'n gebrek aan liefde is, hulle verwerping ervaar en verkleineer word, waar daar met geweld teen hulle opgetree word oor foute en oormatig en soms onregverdiglik gestraf word. Boelies is kinders wat teen sulke omstandighede rebelleer en dan hulle woede, minderwaardigheid en frustrasie op ander kinders uithaal en so in 'n situasie probeer kom waar hulle beheer

oor hulle omstandighede kan kry. Omdat hulle net geweld ken, reageer hulle met geweld op almal rondom hulle. Boelies is kinders wat met groot pyn in hulle harte rondloop en liefde en aanvaarding soek, maar dit word onder 'n fasade van grootdoenerigheid weggesteek.

- Boelies soek gewoonlik aanvaarding en wil "in" wees en is desperaat op soek na vriende. Hulle is maklik jaloers op ander kinders. Om ander kinders te boelie gee vir hulle 'n magsposisie en hulle glo dat hulle daardeur aanvaarding van die groep sal kry en aansien sal wen. Dit is hoekom boelies gewoonlik 'n paar kinders het wat saam met hulle 'n boelie-groep vorm.
- Bid vir die vrees van die Here om die boelie in toom te hou.
- Bid vir die boelie se huislike omstandighede, dat hy/sy die liefde en onvoorwaardelike aanvaarding van God sal leer ken.
- Bid vir die wedergeboorte van die boelie. Bid dat hy/sy miskien eendag as 'bekeerde boelie' ander boelies kan help om insig te verkry oor die dwaasheid en sinneloosheid van hulle optrede.

(Kyk ook na artikel vir tieners wat fokus op sosiale media).

Vrydag 15 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Internasionale Betrekkinge en Samewerking, Maite Nkoana-Mashabane, en die adjunkministers Ebrahim Ismail Ebrahim en Sue van der Merwe. Bid dat hulle as 'n span sal saamwerk, eensgesind sal wees om die wil van die Vader, die Seun en die Heilige Gees op 'n daaglikse basis in alle aangeleenthede uit te voer.

Gebedsfokus op veiligheid en sekuriteit: Wêreldbeker-sokkertoernooi

Suid-Afrika sal nou met internasionale agentskappe saamwerk om alle aspekte van veiligheid en sekuriteit tydens die Wêreldbeker-sokkertoernooi te dek. (Webruimte: http://www.sa2010.gov.za/safety-and-security). Bid vir doeltreffende grenssekuriteit by alle hawe-ingange (land, see en lug). Bid ook vir roetesekuriteit, die ontplooiing van polisie (41 000 polisielede), spanne wat sal patrolleer, bv. hotelle, ander akkommodasiegeriewe, die stadions, restaurante en toeriste-besienswaardighede.

Gebedsfokus op arbeid: Kinderarbeid

Volgens die *Internasionale Arbeidsorganisasie* kan die ekonomiese krisis tot groter misbruik van kinders, veral meisies, lei en bydra tot die 218 miljoen kinders wat reeds gedwing word om te werk. In 2002 is ongeveer 246 miljoen kinders tussen die ouderdomme van 5 tot 17 gedwing om te werk. (Webruimte: http://business.iafrica.com/worldnews/1727840.htm). Loof die Here vir die vermindering van gevalle van uitbuiting tot 218 miljoen in 2006 (jongste syfer). Bid vir die groot getalle meisies wat steeds geen toegang tot onderwys het nie en veral vir dié wat in prostitusie vasgevang is.

Saterdag 16 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling, Jeff Radebe, en die adjunkminister, Andries Nel. Bid dat hulle eerbied vir die Here sal hê en seker sal maak dat hulle deurentyd Bybelse beginsels in ag neem.

Die Woord onder oog: Woord(e) (Heb. dābār) en woord/belofte(s) (Heb. 'imrāh), is beide gegrondves in woorde wat God self gespreek het – soms direk, soos met Abraham (**Gen.17:1**) of 'indirek', soos deur Moses of een van die ander profete (bv. **Eks.3:5**; **19:9**) (*New Bible Commentary*). Die Here praat vandag nog steeds met Sy Kerk. Hierdie woorde – wat soms profetiese woorde genoem word – behoort te alle tye in aard en doel ooreen te stem met, in lyn te wees met en getoets te word aan die hand van die geskrewe Woord (Bybel). God praat verder ook in 'n sagte innerlike stem met ons gedurende ons stiltetye en in ons lewensomstandighede. Daarby is daar vandag steeds gevalle waar die Here in 'n hoorbare stem met mense praat.

Bid die Woord: Vader, ons roep tot U dat ons as die Kerk duidelik sal verstaan hoe om U stem te onderskei, hetsy in ons stiltetyd, of in die kerk, d.m.v. boeke, in gesprekke met ander Gelowiges of via die media. Help ons as die Kerk asseblief om vals profete uit te ken en nie hulle profesieë te aanvaar nie.
Proklameer die Woord: *Geliefdes, moenie enigeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie, want daar is nou reeds baie vals profete in die wêreld, maar ondersoek elkeen of sy gees van God afkomstig is. Hieraan ken julle die Gees van God: Elkeen wat bely dat Christus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. En elkeen wat dit nie bely nie, het nie die Gees wat van God afkomstig is nie. Hy het die gees van die Antichris, die gees van wie julle gehoor het dat hy kom en wat nou reeds in die wêreld is* (**1 Joh.4:1-3**).

Sondag 17 Januarie 2010
Bid vir die regering: Bid vir die minister van Mynbou, Susan Shabangu, en ook vir die minister van Arbeid, Membathisi Mdladlana. Bid asseblief vir die raadgewing van die Here in hierdie departemente sodat hulle in staat sal wees om stakings en ander kommerwekkende arbeidskwessies sinvol te hanteer.

Die Woord onder oog: Gelowiges sê so dikwels: Ek wil die wil van God perfek nakom. Om die wil van God na te kom, moet ons die Boek van God bestudeer; daar is geen kortpaaie nie. Die Bybel openbaar die volheid van God se hart, Sy doelstellings en Sy wil. As ons dan volhardend kies wat Sy Woord aan ons openbaar, word die liefde van God in ons vervolmaak. Ons kan dit nooit uit onsself bewerkstellig nie, behalwe deur onsself aan Hom te onderwerp, deur ons swakhede en ons onvermoë te erken om Sy opdragte uit die Woord op ons eie uit te voer (**2 Kor.12:9**).
Bid die Woord: Vader, ons roep tot U dat die Kerk sal besef en sal verkondig dat oorwinning slegs moontlik is deurdat die Kerk haarself in alle dinge aan U onderwerp. Dat die Kerk geen krag uit haarself het nie, behalwe dit wat sy in U vind. Ons bid dat nederigheid en eerbied na elke hart sal terugkeer.
Proklameer die Woord: *Wie Sy Woord egter gehoorsaam – in hom het die liefde van God werklik sy doel volkome bereik. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort ook so te lewe soos Christus gelewe het. Wie sy broer liefhet, bly in die lig, en daar is niks wat hom laat struikel nie. Maar wie sy broer haat, is in die duisternis en lewe in die duisternis en weet nie waar hy gaan uitkom nie, omdat die duisternis hom blind gemaak het. Hy wat sy broer liefhet, bly in die lig en daar is geen rede vir hom om te struikel nie* (**1 Joh.2:5-10**). *Maar die Woord van die Here, dit bly vir ewig. En hierdie Woord is die Woord wat aan julle verkondig is* (**1 Pet.1:25**).

Maandag 18 Januarie 2010
Bid vir die regering: Bid vir die minister van Polisie, Nathi Mthethwa, en die adjunkminister, Fikile Mbalula. Bid dat hulle God se aangesig sal soek en sal weet wat hulle moet doen om Godgegewe strategieë te implementeer om reg en orde op elke plek in Suid-Afrika te handhaaf.

Gebedsfokus op redding: Bankbestuurders
Elke tak- of bankbestuurder moet elke maand sekere besigheidsteikens bereik. Dit kan hulle werk in die gedrang bring as dit nie gebeur nie. Bid vir die redding van bankbestuurders, dat hulle God sal begin soek en Hom sal vind as die antwoord op die probleme in hulle persoonlike lewe. Vra dat baie bankbestuurders in hierdie tyd Jesus as hulle Here en Verlosser sal aanneem en ook openlik teenoor hulle personeel van die grootheid van die Here sal getuig.

Gebedsfokus op rentmeesterskap: 2010-Wêreldberaad oor energie vir die toekoms, 18-21 Januarie 2010
Die jaarlikse *World Future Energy Summit (WFES)* in Abu Dhabi is die wêreld se grootste byeenkoms van invloedryke persone in die hernubare-energiebedryf. Hierdie byeenkoms bring nywerheidsleiers, beleidmakers en navorsers byeen om die uitdagings te bespreek van 'n stygende vraag na energie en vir die beplanning van 'n skoner en meer volhoubare energietoekoms vir die wêreld. *WFES 2009* is deur meer as 1 120 afgevaardigdes, 30

regerings, 300 maatskappye en 734 media bygewoon. (Webruimte: http://www.worldfutureenergysummit.com/fact-sheet.aspx). Bid asseblief dat die Here sal ingryp in die harte en gedagtes van diegene wat hierdie beraad bywoon sodat hulle besluite sal neem wat Sy Naam sal verheerlik, spesifiek ten opsigte van hernubare-energiestrategieë, ekonomie, tegnologie, investering en onderwys.

Dinsdag 19 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir hierdie drie departemente en hulle hoofde: die minister van Openbare Werke, Geoff Doidge, en die adjunkminister, Hendrietta Bogopane-Zulu, die minister van Openbare Ondernemings, Barbara Hogan, en die adjunkminister, Enoch Godongwana, en ook die minister vir die Staatsdiens en Administrasie, Richard Baloyi, en die adjunkminister, Roy Padayachie. Bid dat hulle sal weet hoe om praktiese prosedures te implementeer tot voordeel van alle landsburgers, veral in die voorbereiding vir die Wêreldbekersokkertoernooi.

Die Woord onder oog: Twee woorde word gebruik wat bevestig dat die 'woord' wat in **Psalm 119** gebruik word, die gedagte van die Here uitdruk. (a) Wette (Heb. mišpāt) kom van die werkwoord 'om uitspraak te lewer', om 'n beslissing te vel oor wat reg en wat verkeerd is. (b) Verordening(e) (Heb. 'ēdāh or 'ēdut) kom van die werkwoord 'om getuienis te lewer': In Sy Woord lewer God getuienis oor Homself, Sy aard en Sy waarheid (*New Bible Commentary*). As ons die Bybel se wette en verordeninge bestudeer, leer ons God se denke ken en leer ons wat God van ons t.o.v. praktiese dinge in ons lewens verwag. Hierdie onderwysing help ons om baie prakties te raak in hoe ons eet, praat, liefhet, gesinsaangeleenthede hanteer, besigheid doen ensovoorts.
Bid die Woord: Vader, ons roep tot U dat die Kerk sal terugkeer na U Woord, U leiding en U bevele. Mag ons as U Kerk soos die skrywer van **Psalm 119** word en U wette en verordeninge liefkry namate ons U hart in die proses leer ken en verstaan.
Proklameer die Woord: *Die onderwysing van die Here is betroubaar* (**Ps.19:8**). *Die bevele van die Here dui die regte koers aan: dit bring blydskap. Die gebod van die Here is helder: dit gee insig. Die eise van die Here vir Sy diens is goed: dit staan altyd vas. Die bepalings van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig* (**Ps.19:8-9**).

Woensdag 20 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, Gugile Nkwinti, en die adjunkminister, dr. Joe Phaahla. Bid dat hulle insig sal verkry in die Here se bedoelings vir mense in die landelike gebiede en hoe om volgens Sy riglyne grondhervormingstrategieë suksesvol te implementeer.

Gebedsfokus op redding: *Christian Motorcycle Association (CMA)*
CMA is 'n sterk evangeliese sendinguitreikbediening vir die hele motorfietsryersgemeenskap. Ondersteun hulle in gebed wanneer hulle motorfietsbyeenkomste bywoon (die *CMA* probeer by al die byeenkomste teenwoordig wees) of wanneer hulle in kroeë ingaan. Christenryers kry met rowwe mense en situasies te make, soms met situasies waar daar demoniese manifestasies, seksuele perversie en dwelm- en alkoholmisbruik is. Bid vir hulle beskerming. (*Christian Motorcycle Association C.M.A.* Westelike Provinsie. Tel.: 021 982 2303, faks: 021 982 0997 of e-pos: cmawp@absamail.co.za).

Donderdag 21 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Wetenskap en Tegnologie, Naledi Pandor, en die adjunkminister, Derek Hanekom. Bid dat die Here hulle sal begenadig met wysheid om bestaande en toekomstige Suid-Afrikaanse projekte te bevorder sodat Suid-Afrika 'n leier op die terrein van Wetenskap en Tegnologie kan wees, tot eer van die Here.

Die Woord onder oog: Die onveranderlike betekenis van God se Woord word deur verordeninge (Heb. hōq) uitgedruk. Dit kom van die werkwoord 'om te graveer' of iets 'wat vir ewig in 'n rots uitgegraveer is' (*New Bible Commentary*). God se verordeninge is Sy ewige (**Ef.1:4**), onveranderlike (**Ps.33:11**), heilige, wyse en soewereine

bedoeling. Ons studie van en onderwerping aan die verordeninge van God in die Bybel sal "nederigheid in ons bewerkstellig, in die lig van Sy oneindige grootheid en soewereiniteit, en die mens se afhanklikheid van die wysheid, geregtigheid, goedheid en onveranderlikheid van God se doel" (*Easton Dictionary*).
Bid die Woord: Vader, ons bid dat die Kerk opnuut U verordeninge in U Woord sal ondersoek, verkondig, preek en proklameer, sodat die vrees vir U Naam ons as die Kerk kan suiwer om in al ons weë aan U gehoorsaam te wees. Beweeg U kinders om die volheid van al U verordeninge self te bestudeer.
Proklameer die Woord: Jesus Christus is Koning oor lewe en dood. God die Vader het verklaar: Jesus Christus is Sy Seun, die nasies is Sy erfdeel en die eindes van die aarde Sy eiendom. 'Wees wys, o konings; wees ingelig, julle regters van die aarde, dien die Here met vrees, en verheug julle met bewing. Kus die Seun sodat Hy nie kwaad word en julle op die pad omkom wanneer Sy wraak slegs effens ontvlam nie. Geseënd is hulle wat hulle vertroue in Hom stel' (**Ps.2:6-12**).

Vrydag 22 Januarie 2010
Bid vir die regering: Bid vir die minister van Maatskaplike Ontwikkeling, Edna Molewa, en die adjunkminister, Bathabile Dlamini. Bid dat hulle vanjaar vordering in hulle werk sal kan maak deur die implementering en bestuur van projekte wat tot voordeel van alle behoeftige mense sal wees.

Gebedsfokus op bediening: *Pneumatix* Suid-Afrika
Bid asseblief dat die Here hulle sal seën met Sy keuse van studente vir 2010 en ook vir eenheid tussen personeel en die leiers. Vra ook vir die regte vennote om die studente wat dit nie kan bekostig nie, te ondersteun sodat hulle hulle studies by *Pneumatix* kan voltooi. Bid dat hulle die waarheid van die evangelie doeltreffend sal verkondig wanneer hulle deur middel van kuns en musiek bediening in skole doen (*Pneumatix* Suid-Afrika. Tel.: 021 858 1877, faks: 021 858 1268. Posbus 247, Somerset- Wes, 7129. Webruimte: http://www.pnxglobal.com of e-pos: finance@pnxglobal.com).

Gebedsfokus op sending: Lauzanne-kongres oor wêreldevangelisasie 2010
Vanaf 16-25 Oktober 2010 sal meer as 4 000 Christenleiers vir 10 dae in Kaapstad vergader om oor ernstige struikelblokke in die weg van wêreldevangelisering te besin. Hulle vertrou op die Here vir deurbrake op ses hoofterreine: om die uniekheid van Christus in 'n pluralistiese wêreld effektief uit te beeld; godsdienstige fundamentalisme; struikelblokke vir wêreldevangelisering binne die Kerk; die verskuiwing (in terme van getalle) in die Kerk van die globale noorde na die suide en van die weste na die ooste; die ontwikkeling van 'n teologie van lyding en versoening; en die bou van nuwe vennootskappe om die Kerk te help om vordering te maak met die onvoltooide taak van wêreldevangelisering. (Webruimte: http://www.worldevangelicals.org/news/article.htm?id=2409&cat=press).

Saterdag 23 Januarie 2010
Bid vir die regering: Bid vir die minister van Staatsveiligheid, Siyabonga Cwele. Bid vir wysheid vir diegene in die departement wat op nasionale en internasionale vlak betrokke is, sodat die belange van die land te alle tye voorrang sal geniet.

Die Woord onder oog: Die gesag van die Woord en die liefde wat daartoe aanleiding gegee het, word saamgevat in die verstaan van die woord: wet (Heb. torāh). Hoewel die woord gesag dra, beteken dit 'onderrig' (**Spr.3:1**) en is dit spesifiek 'n onderwysing wat noukeurig deur 'n pa aan sy kind gegee word (*New Bible Commentary*). Alhoewel die dood van Christus aan die kruis ons vrystel van die wet ten opsigte van die bring van offers vir ons sondes by wyse van duiwe, bokke of bulle, dien die wet steeds as 'n riglyn vir alle Gelowiges oor hoe hulle hulle lewens in ooreenstemming met God se wil moet lei. Ons mag steeds nie Sy Naam ydellik gebruik nie, nie ons naaste se vrou begeer nie, ensovoorts. Hierdie wette uit die Bybel dra noukeurige instruksies vir 'n heilige lewe vanaf ons hemelse Vader aan ons oor.

Bid die Woord: Vader, ons bid dat die Kerk weer aan die bepalings van U wette in die Skrif sal dink, dit sal bestudeer en dit korrek sal oordra. Ons bid dat ons as U Kerk weer U wysheid sal openbaar deur 'n ware, lewende getuienis van U liefde te word.
Proklameer die Woord: Dit gaan goed met die mens wat deur U opgevoed word, Here, vir wie U uit die Woord onderrig (**Ps.94:12**). Hy dink aan U Naam in die nag en onderhou U wet (**Ps.119:55**), hy dink die hele dag daaroor na (**Ps.119:97**). Hy haat huigelary, maar het U wet lief (**Ps.119:113**). U geregtigheid is 'n ewigdurende geregtigheid, en U wet is die waarheid (**Ps.119:142**).

Sondag 24 Januarie 2010
Bid vir die regering: Bid vir die minister van Sport en Ontspanning, Makhenkesi Stofile, en die adjunkminister, Gert Oosthuizen. Bid dat elke persoon in hierdie departement werklik die belange van ander op die hart sal dra, en geleenthede vir jong, opkomende sportlui sal skep.

Die Woord onder oog: Om dele van die Skrif te memoriseer is een manier waardeur God se Woord in ons kan woon! Baie Gelowiges is huiwerig om dit te doen omdat hulle meen dit is te moeilik. Vra die Here hoe en met watter eenvoudige verse uit die Bybel jy kan begin. Skryf dit bv. op klein kaartjies neer en hou dit in jou motor, teen jou badkamerspieël, in jou handsak ensovoorts. Gebruik tien sekondes om 'n vers hardop te lees wanneer jy dit sien, en bid terselfdertyd dat die Here dit in jou hart en geheue sal vaslê. Moenie tou opgooi nie; volhard om elke maand nuwe teksverse te memoriseer, sodat God jou gedagtes en sodoende jou lewe daardeur nuut kan maak.
Bid die Woord: Vader, ons bid dat kerkleiers Gelowiges sal aanmoedig om Skrifgedeeltes te memoriseer en hulle sal wys op die belangrikheid daarvan, sodat hulle beter toegerus sal wees om elke dag in die lig van U Woord te leef.
Proklameer die Woord: Die Woord van God is inderdaad voorskrif op voorskrif, versreël op versreël, versreël op versreël; hier 'n bietjie, daar 'n bietjie (**Jes.28:10**). Sy Woord word in die hemel bepaal (**Ps.119:89**), dit is 'n lamp vir jou voet en 'n lig vir jou pad (**Ps.119:105**). Sy Woord is baie suiwer (**Ps.119:140**). Alles in God se Woord is die waarheid en elkeen van Sy geregtigheidsuitsprake bestaan tot in ewigheid (**Ps.119:160**).

Maandag 25 Januarie 2010
Bid vir die regering: Bid vir die ministers in die Presidensie, (1) Nasionale Beplanningskommissie, Trevor Manuel, en (2) Prestasiemonitering en -beoordeling en Administrasie, Collins Chabane. Bid dat hierdie persone te alle tye die ondersteuning van die ander lede van die parlement sal geniet, en dat hulle die waagmoed en wysheid sal hê om elkeen tot optimale en doeltreffende prestasie te lei gedurende hulle ampstermyn.

Gebedsfokus op redding: Tydskrifredakteurs
Daar bestaan 'n wye verskeidenheid tydskrifte wat baie interessante velde dek. Bid vir die redakteurs en hulle redaksiespanne, dat hulle eerbiedige vrees vir die Here in hulle werk sal hê; dat hulle nie artikels met vuil taal en suggestiewe inhoud sal publiseer nie. Vra dat elke werker die geleentheid sal kry om van Jesus Christus te hoor en Hom aan te neem.

Gebedsfokus op veiligheid: Sterftes onder voetgangers
Talle kinder-voetgangers sterf jaarliks of bly leef met een of ander vorm van gestremdheid nadat hulle deur voertuie getref is. In Suid-Afrika alleen word 33 500 kinders elke jaar beseer en 565 sterf. Kindervoetgangers wat noodlottig beseer word, val meestal in die ouderdomsgroep 5 tot 14 jaar. Ongeveer 40% van hierdie noodlottige ongelukke vind op paaie in landelike gebiede plaas. (Webruimte: http://www.childsafe.org.za/pressreleases/pressrelease01.htm). Dra hierdie situasie in gebed aan die Here op en vra dat die aantal voetgangers wat beseer word, drasties sal afneem.

Dinsdag 26 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Toerisme, Marthinus van Schalkwyk, en die adjunkminister, Thozile Xasa. Bid dat hulle te alle tye Bybelse beginsels sal bevorder in alle reklame en promosies van Suid-Afrika se toeriste-aantreklikhede, spesifiek met verwysing na Kaapstad as die "Pienk Stad" (naam wat gegee is a.g.v. baie mense daar wat homoseksualisme beoefen).

Die Woord onder oog: Ten slotte is die Woord van God bedoel vir praktiese toepassing in elke Gelowige se lewe. Dit gee aan ons opdragte/gebooie (Heb. miswāh). 'n Opdrag is die eenvoudige konsep van 'doen wat jy gesê word om te doen', terwyl voorskrifte (Heb. piqqud) die toepassing van die Woord van die Here op die fyner aspekte van die lewe impliseer, en weë (Heb. derek) is wat ons vandag 'lewenstyl' noem (*New Bible Commentary*). Ons is dikwels haastig om te vertel wat God vir ons wys of sê, maar ons is baie keer traag, stadig of stel uit om te doen wat God vir ons sê om te doen. Het ek en jy die Here werklik lief? Jesus sê: *"As julle My liefhet, sal jy My opdragte uitvoer"* (**Joh.14:15**). God stel gehoorsaamheid gelyk aan ons liefde vir Hom.
Bid die Woord: Vader, ons bid dat U Kerk weer haar liefde vir U sal wys deurdat ons doen wat U in U Woord vereis; ook dat ons waarlik gewillig sal wees om in die spore van Jesus te volg, om ons lewens neer te lê om U te behaag en om ander in U weë en voorskrifte te onderrig.
Proklameer die Woord: As jy sê dat jy die Here liefhet, voer dan Sy opdragte uit (**Joh.14:15**). Dink na oor God se voorskrifte en gee ag op die weg wat Hy aandui (**Ps.119:15**). Vergeet nooit Sy voorskrifte nie, want daardeur gee Hy aan jou die lewe (**Ps.119:93**). Jy sal meer verstaan as ouer mense, as jy jou hou by Sy voorskrifte (**Ps.119:100**). Deur Sy voorskrifte kry jy insig, haat daarom elke verkeerde pad (**Ps.119:104**).

Woensdag 27 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die Minister van Handel en Nywerheid, Rob Davies, en die adjunkministers, Thandi Tobias en Maria Ntuli. Bid dat hierdie departement besluite sal neem wat tot voordeel van Suid-Afrika se mense en ekonomie sal wees, veral wanneer hulle kontrakte met ander lande aangaan, byvoorbeeld Sjina, waar 'goedkoop' kinder- en vroue-arbeid dikwels gebruik word.

Gebedsfokus op Sending: *World Mission Centre*
Bid vir die spanlede van die *World Mission Centre* met die vestiging van die *Live School* in baie lande van die wêreld. Hulle werk in moeilik bereikbare, en in sommige gevalle, uiters gevaarlike plekke. Bid vir hulle veiligheid, maar ook dat die Here guns aan hulle sal bewys en dat Hy elke deur wat nodig is, sal oopmaak sodat duisende frontlinie-sendelinge opgelei kan word om 'n buitengewone impak te maak op mensegroepe wat voorheen nie bereik kon word nie. (*World Mission Centre*. Tel.: 012 343 1165, sel: 083 300 2567. Webruimte: http://www.worldmissioncentre.com/ of e-pos: chrissien@liveschoolsa.org).

Donderdag 28 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Vervoer, Sbusiso Joel Ndebele, en die adjunkminister, Jeremy Cronin. Bid vir hulle vir krag en die guns van die werkers sodat hulle sukses sal behaal in al die projekte wat hulle aanpak om die vervoerstelsel-verbeterings van die land binne die keerdatums te voltooi.

Die Woord onder oog: Die onderwysing/verordeninge (Heb. *eḏaĥ*) van die Here verwys na die openbaring van God se wil (**Ps.19:8; Ps.119:88**). God se verordeninge is vir Dawid 'n groter bron van blydskap as al die rykdomme van die wêreld. Hy vind die geheim om sy hart neer te buig voor God se getuienisse, (stories uit God se mond) meer sinvol is as om sy hart te verbind aan ander begeertes (dinge en stories van mense). Dit en ander keuses van Dawid het hom 'n "man na God se hart" gemaak.
Bid die Woord: Vader, ons bid dat ons as U Kerk weer ons harte daarop sal sit om na U verordeninge te luister, daaroor na te dink en dit bekend te maak, en die dinge sal verkondig wat God gedoen het, eerder as wat mense

gedoen het. Ons bid dat ons begeertes vir dit wat in die koninkryk bereik moet word, op U gerig sal wees en ons doelwit sal wees om U bekend te maak, eerder as ons eie aktiwiteite en programme.
Proklameer die Woord: God se verordeninge is standvastig; heiligheid versier vir ewig Sy woning (**Ps.93:5**). Hou vas aan Sy verordeninge en jy sal nie in die skande kom nie! (**Ps.119:31**). Buig jou hart neer voor Sy verordeninge en nie tot geldgierigheid nie (**Ps.119:36**), praat openlik oor Sy verordeninge, ook voor konings, moet jou nie daarvoor skaam nie (**Ps.119:46**). Sy verordeninge is regverdig en standvastig en baie getrou (**Ps.119:138**). Gehoorsaam Sy verordeninge, want jou lewe lê oop voor Hom (**Ps.119:168**).

Vrydag 29 Januarie 2010
Bid vir die regering: Bid vir die minister van Water- en Omgewingsake, Buyelwa Sonjica, en die adjunkminister, Rejoice Mabhudafhasi. Bid dat daar vanjaar deurbrake sal kom in watersuiwering en die bewaring van die omgewing. Bid ook vir die 776 000 Suid-Afrikaanse huishoudings (7% van alle huishoudings) wat nie toegang tot veilige kraanwater het nie. Die provinsie waar hierdie persentasie die hoogste is, is die Oos-Kaap (29%). (Eighty20 – Fact-a-Day. Webruimte: http://www.eighty20.co.za/databases/fad/fad.cgi of e-pos: fact.a.day@eighty20.co.za).

Gebedsfokus op vervolging: Christene wat vervolg word
Op hierdie oomblik staar meer as 100 miljoen Christene in die wêreld fisiese geweld, gevangeneming en selfs die dood in die gesig omdat hulle die keuse maak om vas te staan in hulle geloof in Jesus Christus. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/content/view/22/14/). Bid sonder ophou vir ons broers en susters wat vervolg word as gevolg van hulle geloof, dat hulle getrou sal bly wanneer hulle in moeilike omstandighede kom, veral wanneer hulle ondervra word.

Saterdag 30 Januarie 2010
Die Woord onder oog: Soos 'n kind wat stap vir stap die basiese vaardighede van die lewe aanleer, groei ons ook stap vir stap in volwassenheid as Gelowiges en help Hy ons om tree vir tree die verantwoordelikheid op te neem om 'n heilige lewe te lei na die beeld van Jesus Christus. Die Woord van God is die geestelike voedsel wat ons nodig het om te groei. Ons moet ons gereeld onderwerp aan onderrig en onderwysing tot insig, begrip en wysheid sodat God se Woord ryklik in ons kan woon en werk, en Hy sodoende geëer kan word. Alles wat ons doen, moet altyd wees in onderwerping aan Jesus Christus.
Bid die Woord: Vader, gee dat harte van lidmate ontvanklik sal wees wanneer U Woord verkondig word, ons bid vir nederigheid en openheid wanneer U Woord ons korrigeer. Ons bid dat ons optrede as Gelowiges waarlik aan U en die Naam van ons Here Jesus Christus ondergeskik sal wees en dat ons dade daarvan sal getuig.
Proklameer die Woord: *Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. En wat julle ook al sê en doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom* (**Kol.3:16-17**).

Gebedsfokus op sending: Bid vir die Comore
'n Groot dankie aan almal wat vir die Comore-eilande bid. Groei, sowel geestelik en in getalle, is op hande. Bid asseblief vir voortgesette groei en die voorsiening van Bybels aan die nuwe Gelowiges. Onderrigmateriaal in hulle tale word tans gedruk. Hiervoor wag hulle gretiglik. Vra die Here vir doeltreffender maniere om die materiaal by hulle te kry. (Bron: Konfidensieel).

Sondag 31 Januarie 2010
Die Woord onder oog: Sukkel jy om die Bybel op 'n gereelde grondslag te lees? Die meeste Christene getuig daarvan. Dit kan reggestel word deur aanhoudend tot die Here te bid vir 'n dieper honger en dors na Sy Woord, totdat dit ryklik in jou woon. Die vyand hou daarvan om ons te laat glo dat die Woord te moeilik vir ons is om te

verstaan, onredelike eise aan ons stel of nie regtig toepaslik is in ons moderne lewe nie. Moenie aan enige van hierdie gedagtes toegee nie, maar volhard totdat jy persoonlik 'n geestelike deurbraak ervaar, d.w.s. totdat jy die wonder van Sy Woord in jou lewe ervaar.
Bid die Woord: Vader, ons bid dat ons as U Kerk weer lief sal raak vir U Woord. Vul elke Gelowige met hoop, geloof en waagmoed om op 'n nuwe manier U Woord te ondersoek.
Proklameer die Woord: *Die Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor Sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee* (**Heb.4:12-13**).

Gebedsfokus op gesondheid: Wêrelddag vir melaatses 2010
Meer as 250 000 persone word steeds elke jaar met melaatsheid gediagnoseer, en die meeste van hulle leef in armoede. Volgens die jaarlikse berekeninge is daar 40 000 kinders ter wêreld met melaatsheid en ongeveer 12% van alle nuwe gevalle is kinders onder die ouderdom van 15 jaar. (Webruimte: http://www.hubdub.com/m30031/Will_a_vaccine_be_announced_by_the_next_World_Leprosy_Day). Bid vandag spesiaal vir kinders wat aan melaatsheid ly. Vra die Here vir Sy bonatuurlike genesing, veral vir die kinders wat wêreldwyd in hierdie uiterste nood verkeer.

Tieners wat bid – Internet rooi-ligte

Dink 'n bietjie oor 'n opmerking deur dr. Archibald D. Hart: 'Many teenagers and even young children today cannot tolerate doing nothing for more than thirty seconds, maximum. Then they demand more stimulation.' Meer as 60% kinders en tienderjariges is op 'n daaglikse basis betrokke by kletskamers (chat rooms). Drie uit elke vier kinders aanlyn is gewillig om persoonlike inligting oor hulleself en hulle families te deel in ruil vir goed en diens. Dit is ook waar dat ten minste een uit elke vyf kinders elke jaar deur 'n rower of pedofiel geteiken word. Die Internet is dus 'n uiters gewilde 'speel-en-kuierplek' vir jongmense. Hoekom hieroor praat? Omdat die Internet, saam met die wonderlike voordele, ook ongelukkig verskuilde geestelike, emosionele en selfs fisiese gevare inhou vir 'onskuldige' tieners. Hoe weet jy op jou ouderdom of jy op gevaarlike terrein beweeg? Om met jou vriende aanlyn of oor jou selfoon te kuier en te gesels is algemeen bekend as sosiale media. Sosiale media kan verskillende vorms aanneem soos Internet forums, webjoernale (weblogs/blogs), sosiale webjoernale, wikis (anders as webjoernale is wikis gerig op groepinteraksie soos studente of skoliere wat saam aan projekte werk), klank (pod casts), foto's, video's, gradering (rating) en indeksering (bookmarking). Tegnologie sluit in: webjoernale, foto's uitruil, muurplasings/bulletinborde, e-pos, kitsboodskappe, uitruil van musiek en *voice over IP* ('n hoorbare oproep oor Internet Protokol), om net 'n paar te noem. Baie van hierdie sosiale media-dienste kan geïntegreer word via sosiale netwerkdiensplatforms soos Mybloglog en Plaxo.

1. Wat is 'n webjoernaal (blog)?
'n Webjoernaal is 'n tipe webruimte wat gewoonlik deur 'n individu in stand gehou word met gereelde inskrywings oor wat in sy lewe gebeur. Baie webjoernale verskaf kommentaar of nuus oor 'n spesifieke onderwerp; ander funksioneer as meer persoonlike aanlyn dagboeke (http://en.wikipedia.org/wiki/Online_diary).
Daar is verskillende soorte: kuns (artlog http://en.wikipedia.org/wiki/Artlog),
foto's: (photoblog http://en.wikipedia.org/wiki/Photoblog),
sketse: (sketchblog http://en.wikipedia.org/wiki/Sketchblog),
video's (vlog http://en.wikipedia.org/wiki/Vlog),
musiek (MP3 blog http://en.wikipedia.org/wiki/MP3_blog),
en oudio (podcasting http://en.wikipedia.org/wiki/Podcast).
Sedert Desember 2007 is daar meer as 112 miljoen webjoernale wêreldwyd. Sommige voorbeelde: Twitter, Plurk, LiveJournal, Vox, ens.

Wees op die uitkyk: Bid vir God se wysheid as jy aan webjoernale deelneem. Wees versigting oor die soort persoonlike inligting wat jy verskaf en hoe jy dit verskaf. Moenie negatief oor ander praat nie. Dikwels het vriende al die inligting misbruik as hulle jaloers of kwaad is.

2. Wat beteken dit om foto's en video's te deel? Mense plaas foto's en video's van hulleself op die Internet om dit maklik beskikbaar vir vriende en ander te maak. Onder hierdie ruimtes is Youtube (video's), Flickr en Photobucket (foto's) en ccMixter (musiek) goed bekend.
Wees op die uitkyk: Skakel altyd jou hart in op die stem van die Heilige Gees as jy na hierdie video's of foto's kyk. As enigiets nie stigtend is nie, of lasterlik is, of onbybelse waardes propageer; neem 'n besluit om nooit weer daarna te kyk nie. Moedig jou vriende aan om dieselfde te doen.

3. Wat is 'n 'virtuele' wêreld? 'n 'Virtuele' wêreld, of 'n amper-reële wêreld, is 'n rekenaargebaseerde gesimuleerde omgewing wat daarop gemik is om sy gebruikers d.m.v. *'avatars'* interaktief besig te hou. Hierdie *avatars* of 'alter ego's' word gewoonlik aangebied in geskrewe vorm, of in twee- of drie-dimensionele grafiese voorstellings. Die rekenaargesimuleerde wêreld probeer 'n model daarstel wat gebaseer is op die reële wêreld of op een of ander fantasiewêreld – 'n kruisvermenging tussen die reële en die fantasie. Kommunikasie tussen gebruikers wissel van teks tot grafiese ikone, visuele voorstellings en klank.
Wees op die uitkyk: Vra die Here hoeveel tyd jy moet spandeer in deelname aan hierdie verskillende opsies. Gewoonlik spandeer alle tienderjariges te veel tyd op die Internet en aan skynreële verhoudings en kontak met "ander" Internetvriende. Die gevaar is dat die "virtuele wêreld" die persoon se "reële wêreld" word wat met verloop van tyd 'n stryd laat ontstaan in die onderskeiding van ware realiteit. Dit is baie belangrik om tred te hou met realiteit en nie net in 'n fantasiewêreld te leef of te probeer ontvlug na 'n fantasieryke maar in wese 'n betekenislose wêreld nie.

4. Wat is hierdie beheptheid met aanlyn speletjies? Multi-speler aanlyn speletjies skep 'n rekenaarwêreld baie naby aan die reële wêreld, met reële wêreldreëls, -aksies en -kommunikasie. Kommunikasie is gewoonlik tekstueel met regte stemme. Virtuele wêrelde is nie beperk tot speletjies nie. Daar is ook *emotikons* of *smileys* beskikbaar om gevoelens en gesigsuitdrukkings te weerspieël.
Wees versigting: As Christen-tiener moet jy die tyd wat jy voor jou rekenaar deurbring met God bespreek en Hom raadpleeg oor die inhoud daarvan. Vra die Here in jou stiltetyd om jou te wys of die speletjies wat jy speel jou meer leer van hoe en Wie Hy is, jou nader na of verder van Hom skuif en vra Hom om jou te help om die tyd wat jy aan speletjies spandeer, te beperk. Moenie jouself benadeel nie, gee net die dinge prys wat jou verhouding met die Here Jesus benadeel. Moedig jou vriende aan om dieselfde te doen. Onthou dat ander mense ook van 'jou tyd' nodig het – moenie selfsugtig wees met jou tyd nie, anders ontwikkel dit dalk in 'n lewenslange gewoonte.

5. Wat is 'n kletskamer? 'n Kletskamer is 'n spesifieke area waar mense met dieselfde belange "bymekaar kom" om te kuier of te gesels. Deur eenvoudig op jou sleutelbord te tik, kan jy dadelik en direk met iemand aan die ander kant van die wêreld gesels. Binne in die kletskamer kan daar 'n moderator wees wat die inhoud van die gesprek monitor om misbruik te verhinder. Moderators het al gesprekke beëindig wat onaanvaarbaar en beledigend geraak het. 'n Kletskamer is 'n plek waar geleer kan word om te gesels en te sosialiseer, maar omdat dit so maklik is om anoniem te bly, het dit al gelei tot misbruik van die sisteem. Kinders en tieners is mal oor kletskamers en verslae oor die gevaar van kletskamers is wyd bekend. Daar is baie onverantwoordelike volwassenes wat kletskamers anoniem gebruik vir hulle eie doelwitte. Vir jou eie veiligheid is dit nodig dat jou ouers moet weet met wie jy almal gesels.
Wees op die uitkyk: Hoe weet jy wanneer jy 'in gevaar verkeer' wanneer jy in die kletskamer besig is? Die maklikste manier om dit vas te stel is om jouself af te vra of jou ouers of 'n volwassene te enige tyd in jou kamer kan inkom en jou gesprekke lees. Dieselfde geld vir die Here. Vra Hom om jou te help om te onderskei en om nie met onbekende mense te gesels wat voorgee om iets anders te wees as wat hulle regtig is nie. Wanneer die

Heilige Gees met jou oor hierdie sake praat, moet jy mooi na Sy stem luister. Moet ook nooit lelike taal gebruik, betrokke raak by aanlyn argumente of 'n geskinder nie.

6. Wat is vry aanlyn spraak? Die Internet maak lang oorsese gesprekke makliker en baie goedkoper as tradisionele telefone. Programme soos Skype, Google Talk (GTalk), Nimbuzz en Fring is 'n paar voorbeelde van programme wat jou help om met iemand op enige plek in die wêreld te gesels (per teks, oudio of video). Daar is dikwels mense wat graag met iemand in Suid-Afrika wil kontak maak met die doel om uit hulle eie lande weg te kom. Hulle doen dit op subtiele maniere soos om 'onskuldig' navraag te doen oor toeriste-aantreklikhede in Suid-Afrika en dan persoonlike besonderhede van jou te kry oor waar jy bly, wat jy doen, ens.
Wees op die uitkyk: Maak seker dat jy jou inligting verander sodat net die mense in jou adresboek jou kan kontak. MOET NOOIT enige persoonlike inligting oor jouself vir mense gee sodat enigiemand kan weet waar jy bly, waar jy werk, ens., nie. Vra die Here om vir jou onderskeiding en wysheid te gee oor wat om te doen as iemand wat jou nie ken nie, jou kontak.

7. Wat is MXit? MXit is 'n kitsboodskap-apparaat wat op jou selfoon geïnstalleer word (aanpassings vir Persoonlike Rekenaars is ook beskikbaar), wat jou help om 'n persoonlike gesprek te voer oor jou selfoon of in 'n kletskamer teen 'n fraksie van die koste van 'n SMS. Die bekendste geval in Suid-Afrika tot dusver van die misbruik van jong kinders deur 'n tegnologiese medium, is die geval van 'n 16-jarige meisie wat ontvoer is deur 'n 33 jarige man wat haar op die MXit kletsprogram gekontak het. MXit is gratis aflaaibaar en dit is gratis om te registreer, dit beteken geen maandelikse fooie nie. Jy kan boodskappe heen-en-weer stuur in werklike tyd (kitsboodskappe). Die maksimum lengte van hierdie boodskappe is 2 048 karakters in vergelyking met die normale SMS se 160 karakters. MXit het ongeveer 2 miljoen gebruikers, waarvan die meerderheid tussen 12-17 is en 'n kleiner groep tussen 18-25.
Wees op die uitkyk: Moet nooit jou selfoonnommer, volle naam en fisiese adres aan vreemdelinge gee nie en moet nooit 'n vreemdeling in die kletskamer in die werklike lewe ontmoet nie. Aan die ander kant, vra die Here om jou te wys hoe jy oor jou persoonlike verhouding met die Here Jesus teenoor jou vriende op bv. MXit kan getuig.

8. Bly in verbinding met reële mense: Sosiale media is 'n swak plaasvervanger vir ware vriendskap. Dit kan letterlik op die ou end gesinsverhoudinge versteur omdat dit mense toelaat om in 'n skynwêreld te leef waar hulle kan sê wat hulle wil met skynbaar geen nagevolge nie. Dit isoleer jou van jou vriende en gesin en verhinder jou om ware, blywende vriendskappe te kweek omdat jy altyd in kontak is met "ander" mense. Daar is geen werklike toewyding betrokke by Internet en virtuele verhoudings nie. Dit is verbasend dat mense eintlik eensamer word in die proses. Jy kan nie die dieptes van jou hart, jou ware pyn, diepste emosies en trane deel met 'n mens wat vir jou gesigloos is en wat jy nie persoonlik ken nie – die elektroniese media kan nie daardie vakuum vul nie.
Wees op die uitkyk: Hoe weet jy of jou sosiale vaardighede besig is om agteruit te gaan? As jy en jou vriende meer tyd aan gesprekke aanlyn bestee as persoonlik, is dit 'n rooi lig. As jy verhoudings per e-pos, in kletskamers of via SMS'e begin of eindig, is jy in 'n gevaarsone om sosiaal geïsoleer te raak. Vra vir die Here Jesus hoe om jou persoonlike verhoudings met mense op 'n gesonde manier te hanteer.

(Tienderjariges het hulle eie gebruikstaal ontwikkel. Hier kan jy 'n gedetailleerde lys kry van SMS- en kletsafkortings wat deur tieners op hulle selfone, MXit en die Internet gebruik word: http://www.phelios.com/sd/archives/sept04.html).

DAAGLIKSE GEBEDSPUNTE – Februarie 2010

Maandag 1 Februarie 2010
Gebedsfokus op redding: Garage- en diensstasie-eienaars
Dra die eienaars en personeel van garages en vulstasies in gebed aan die Here op. Bid dat hulle harte oop en ontvanklik sal wees vir God se stem in hulle lewens en dat hulle vrae sal vra oor die rede vir hulle bestaan. Bid dat

ons as hulle kliënte Christus op 'n baie eenvoudige en toepaslike wyse aan hulle bekend sal stel. Bid dat hulle hulle lewens volkome aan die Here Jesus sal oorgee.

Gebedsfokus op moraliteit: Pogings om prostitusie in Suid-Afrika te wettig
'n Onlangse opname het getoon dat 79% van Suid-Afrikaners teen die wettiging van prostitusie gekant is. Suid-Afrika se liberale media weier egter om erkenning te gee aan en te berig oor die honderde waarskuwings van regoor die wêreld oor die gevare van die wêreldwye handeldrywing met seks, insluitend die ontploffing in kinderprostitusie en georganiseerde misdaad in lande waar prostitusie gewettig is. Die wettiging van prostitusie sal die deure vir koppelaars (pimps) en bendes oopgooi en sal die hindernisse verwyder vir misdaadsindikate en internasionale sekshandelaars om vryelik in SA werksaam te wees. (*Family Policy Institute*, 49 Parliament Street, Cape Town 8001. Tel.: 021 462 7888, faks: 021 462 7889. Webruimte: www.familypolicyinstitute.org of e-pos: info@familypolicyinstitute.org). Bid asseblief dat prostitusie nie in Suid-Afrika gewettig sal word nie.

Dinsdag 2 Februarie 2010
Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir Albanië, Afghanistan en Algerië. Bid vir die redding van elke siel.
Ontvang die Heilige Gees: Jesus self doop met die Heilige Gees
Die Woord daaroor: … *Hy wat na my (Johannes) kom, is my meerdere … Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop.* (**Matt.3:11**).
Oorsig daaroor: Die Vader het die Heilige Gees gestuur (**Joh.14:26**) en Jesus is die Een wat ons met die Heilige Gees doop. Vuur het in Bybelse tye verskillende dinge gesimboliseer: Die heerlikheid van God (**Dan.7:9**); Sy heiligheid (**Jes.6:4**); Sy aandrang dat slegs Hy aanbid moet word (**Heb.12:29**); Sy regverdige oordeel en suiwering (**1 Kor.3:13, 15**); Sy toorn oor die sonde (**Ps.18:8**), en baie meer. Wanneer ons met die Heilige Gees en met vuur gedoop word, ontvang ons die volheid van wie God is. Dit vervul ons met heilige vrees vir God, want Hy is hoogheilig! Sy Gees word met 'n doel uitgestort, sodat Sy Naam geëer kan word, nie slegs om 'n aangename ervaring te hê of goed te voel oor onsself nie!
Oorgawe in gebed: *Here Jesus, doop U Kerk met U Heilige Gees, sodat die Kerk U heerlikheid kan aanskou, heilig kan leef, weg kan draai van die boosheid, U Woord kan opsoek, bereid kan wees om vir u Naam te ly en eerbied vir U Naam kan hê.*

Nepal: Die Kerk groei nieteenstaande vervolging
Jong kinders swoeg jare lank sy aan sy met hulle ouers by steenmakerye om gesinskuld te betaal. In die steenmakery-gemeenskappe van Nepal bestaan daar geen toegang tot onderwys, mediese sorg of selfs voldoende kos en ordentlike huisvesting vir hierdie families wat so swaarkry nie. Bekeerlinge tot die Christelike geloof onder die arbeiders is onderworpe aan teistering en vervolging ter wille van hulle geloof. Bid vir Goddelike ingryping en uitkoms. Bid dat die nuwe bekeerlinge geestelik sal groei; en dat die Here deurbrake in hierdie gemeenskappe sal bewerkstellig. (Lars Widerberg, *Intercessors Network*. Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com)

Woensdag 3 Februarie 2010
Fokus op Wêrelddag van Gebed: Dra Amerikaans-Samoa, Andorra en Angola in gebed aan die Here op. Bid vir 'n toename in dag-en-nag-gebed in elke nedersetting, dorp en stad.

Gebedsfokus op evangelisasie: *Alpha* Suid-Afrika
Bid asseblief vir die oprigting van leiers vir die ontwikkeling van *Alpha* in Soweto en ook vir die effektiewe opleiding van hierdie *Alpha*-spanne en -vrywilligers. Dra ook die produksie van 'n *New African DVD*, wat spesifiek vir 'n Suid-Afrikaanse konteks geskep is, in gebed aan die Here op. Bid asseblief vir God se voorsiening en vir meer vrywilligers om met die werk te help. (*Alpha* Suid-Afrika, Posbus 656, Nuweland, 0049. Tel.: 012 998 8144 of faks: 086 518 6263. Webruimte: www.alphasa.co.za of e-pos: kayleigh@alphasa.co.za).

Gebedsfokus op sending: *OM Ships International*
OM Ships International bereik verskillende nasies deurdat hulle hawens met hulle verskillende sendingskepe besoek. Bid asseblief vir genoeg bemanning om diens te doen op die skepe, en ook vir genoeg gekwalifiseerde dek- en ingenieursoffisiere om die skepe van hawe tot hawe te lei. Bid dat besoekers aan die skip die liefde van God sal ervaar wanneer hulle aan boord gaan. Bid dat deure vir die bemanning sal oopgaan om mense in baie verskillende lande te kan bedien en dat hulle die guns van die owerhede sal geniet. Bid vir die Here se voorsiening op die gebied van finansies. Bid ook vir voortgesette goeie verhoudings met die plaaslike kerke omdat hulle ondersteuning en vennootskap deurslaggewend is vir opvolging van kontakte wat deur die bemanning gemaak word. (*OM Ships International*. Webruimte: http://www.omships.org/ of e-pos: info@omships.org).

Donderdag 4 Februarie 2010
Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir Anguilla, Antigua & Barbuda en Argentinië. Bid dat invloedryke leiers hulle tot Jesus sal bekeer.

Die werk van die Heilige Gees: Hy doen die bonatuurlike werk van God in ons
Die Woord daaroor: *Die Gees van die Here het vir Simson sterk gemaak en hy het die leeu kaalhand uitmekaar geskeur* (**Rig.14:6**). *Dan sal die Gees van die Here kragtig in jou (Saul) werk. Jy sal saam met hulle as profeet optree en 'n ander mens word* (**1 Sam.10:6**). (Lees ook: **Luk.1:35**).
Oorsig daaroor: Wanneer die Heilige Gees besit neem van ons, doen Hy die menslik onmoontlike deur ons. Simson kon 'n fisiese gevaarsituasie op bo-menslike wyse hanteer en Saul is letterlik in 'n ander mens verander! Wanneer die Heilige Gees jou ten volle in besit neem, sal jou lewe merkbaar verander. Ons kan dalk baie dinge self vermag, maar wanneer ons deur die krag van die Heilige Gees mense bedien, is dit God wat die werk doen en is dit blywend van aard.
Oorgawe in gebed: *Here, ek bid dat U Heilige Gees dag en nag op U Kerk sal rus. Verander my en laat U Gees so in my werk dat ek vreesloos en met my hele hart U koninkryk se doelstellings hier op aarde bevorder.*

Gebedsfokus op gesondheid: *Wêreldkankerdag*
Die *Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO)* beraam dat 84 miljoen mense tussen 2005 en 2015 sonder behandeling aan kanker kan sterf. Op die 4de Februarie van elke jaar werk die *WGO* saam met die *International Union Against Cancer*, wat as borg optree, vir die bekendmaking en bevordering van maniere waardeur die las van kanker op die mensdom verlig kan word. (Webruimte: http://www.who.int/mediacentre/events/annual/world_cancer_day/en/). Laat ons aanhou bid vir die Here se ingryping vir mediese deurbrake in die genesing van kanker wêreldwyd. Dank die Here vir elke persoon wat van kanker genees word.